

TRAILBLAZERS

Genomika en data: Die kompas van stoettelery

Die sukses van 'n kudde in moderne stoettelery word nie meer deur tradisie alleenlik gedryf nie; vooruitgang is in der waarheid datagedrewe.

Ingeligte bestuursbesluite raak al hoe belangriker namate druk in die bedryf toeneem. Genotiperings stel telers in staat om verby die huidige te kyk en die genetiese potensiaal van hul kuddes te ontsluit, tesame met die voordele wat dit inhou. Genomika maak dus die onsigbare sigbaar.

Genetiese winsgewendheid

Genotiperings stel telers in staat om die winsgewendheid van hul kuddes binne bestaande bestuurstelsels te optimaliseer. Sodoende word verseker dat diere met hoë genetiese meriete akkuraat geïdentifiseer word, sodat telers met vertroue in toppresterders kan belê en swakker presterders kan uitskot.

Die impak is veral duidelik by bulle, waar resultate vinnig sigbaar is en die invloed beduidend kan wees. 'n Enkele bul kan die genetiese rigting en dus die winsgewendheid van 'n kudde bepaal; daarom is die keuse van die regte bul baie belangrik.

Deur jong bulle genomies te toets kan telers uitstaande stoetbulle vroeg identifiseer voordat groot uitgawes aangegaan word. Dit verminder die risiko om in 'n bul te belê wat indrukwekkend mag lyk, maar nie sy genetiese potensiaal aan sy nageslag kan oordra nie. Bulle wat genomies getoets is, het dikwels 'n hoër markwaarde danksy die deursigtigheid en betroubaarheid van hul genetiese inligting.

Waar bultoeise vinniger resultate lewer, bied koeitoetse langtermyn stabiliteit en doeltreffendheid. Dit dra daartoe by dat die regte bulle met die koeie en verse gepaar word, en verbeter reproduksiedoeltreffendheid (vrugbaarheid). Dit skep oor tyd 'n kudde wat by die betrokke omgewing (plaas) en bestuurstelsel aangepas is.

In 'n bedryf waar winste dikwels onder druk is, kan selfs die kleinste genetiese vordering toekomstige betekenisvolle finansiële voordele inhou en verseker dat elke generasie in jou kudde vooruitgang maak.

Genomiese leierskap in aksie

Talle kuddes uit rasse wat by SA Stamboek geregistreer is, gebruik genomiese toetsing as 'n teel- en bestuursinstrument. Wanneer plaaslike beesbevolkings geëvalueer word, oorheers die rasse met die grootste aantal diere natuurlik die gesprek. Die Bonsmara, met sowat 120 000 aktiewe teeldiere, is 'n uitstekende voorbeeld van telers wat 'n hoë vlak van genomiese toetsing toepas. Verskeie kuddes wat elk meer as 150 genotipeerde diere ouer as twee jaar het, dien as bewys van hul indrukwekkende toewyding tot datagedrewe teelpraktieke.

'n Totaal van 6 625 Bonsmaras is tot op datum gegenotipeer. Vyf telers het gesamentlik die grootste bydrae tot dié syfer gemaak en dien as voorbeeld van 'n duidelike begrip van die langtermyn waarde van genomika. Hulle is:

- Gelibar Bonsmara van DJ Viljoen.
- Tristone Business Trust van dr SJ Briedenhann.
- Marochel Bonsmaras van C Uys.
- Louwrens Boerdery van LJ Erasmus.
- Disco Bonsmaras van JN Venter.

Genomiese toetsing, tesame met hul verbintenisse tot noukeurige meting en rekordhouding, het daartoe gelei dat al hierdie telers goue of hoër toekennings tydens die 2025 Logix Elite-vleisbeestoe kennings ontvang het.

Voordeel vir KyD-deelnemers

Kaonafatso ya Dikgomo (KyD), wat in Setswana 'die verbetering van beeste' beteken, is 'n inisiatief onder leiding van

die Landbounavorsingsraad (LNR) en is deel van die Vleisbeesgenomikaprogram 2 (BGP2). Die hoofdoel is om opkomende produsente te ondersteun om by die hoofstroom landbou-ekonomie aan te sluit, met Sandile Nzuza van Bonsmara SA wat hierdie projek met groot sukses dryf.

Drie KyD-deelnemers het voordeel uit hierdie inisiatief getrek:

- Lamus Bonsmara van BC Melamu.
- Moalosi Bonsmara van MD Serapelwane.
- Zikali Farming van CL Makwetu.

Hierdie voorloperkuddes verteenwoordig vooruitstrewende, innoverende telers wat die maatstaf vir genetiese deursigtigheid stel. Deur hul kuddes volledig te genotipeer, het hulle die onsekerheid uit paringsbesluite geneem, die integriteit van stambome versterk en hul kuddes met betroubare genetiese vooruitgang toegerus.

Telers kan met gemoedsrus belê in diere waarvan die genetiese meriete en stamboomintegriteit hul waardes as stoetbulle en -koeie weerspieël. Genomika op hierdie vlak is nie meer 'n proeflopie nie, maar 'n bewese bestuurspraktiek. Hierdie uitstaande Bonsmara-telers wys wat moontlik is wanneer hierdie tegnologie ten volle benut word.

Deur akkurate genetiese inligting vroegtydig te ontsluit, kan telers ingeligte parings- en bestuursbesluite neem. Hoewel genotiperings as't ware as 'n belegging in deursigtigheid en vertroue in 'n kudde beskou kan word, vervang dit nie die noodsaaklikheid van akkurate prestasie-meting nie. Fenotipiese metings en rekordhouding bly steeds koning, terwyl genomika die koningin is waarna die koning nog altyd gesoek het. **VP**

Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na info@studbook.co.za of besoek www.studbook.co.za